NASKOOL@BAILLIES VAKANSIE REGISTRASIE INSKRYWING

Betaling:
EFT / KONTANT

LET WEL: TYE: 07:15 – 17:15

LEERDER

Naam: _____ Gr. _____

Enige allergieë: _____

BESONDERHEDE VAN OUERS/VOOGDE

Ouer/Voog 1 Naam: _____

Selfoonnommer: _____ Werk: _____

Ouer/Voog 2 Naam: _____

Selfoonnommer: _____ Werk: _____

WIE MAG DIE LEERDER BY DIE NASKOOL KOM AFHAAL?

Naam en Van:_____

Verwantskap: _____ Selfoonnommer: _____

Naam en Van:_____

Verwantskap: _____ Selfoonnommer: _____

ENIGE ANDER BELANGRIKE INLIGTING:

_____

_____

_____

_____

VRYWARING/TOESTEMMING/ONDERNEMING

1. *Ek/Ons ouer(s)/voog(de) gee hiermee toestemming dat bogenoemde leerder aan die kurrikulum en buitemuurse aktiwiteite van Laerskool Baillie Park se Naskoolsentrum mag deelneem asook verwante uitstappies mag meemaak.*

    1.1 Bogenoemde leerder mag deur die skoolpersoneel vervoer word soos nodig.

    1.2 Indien nodig sal die nodige vrywaringsvorm verskaf word vir die vervoer van die leerder in die skool se bussie en die prosedure vir die gebruik daarvan.

    1.3 Dat foto's van aktiwiteite geneem gaan word, en moontlik op die skool se sosiale media geplaas en/of op die vakansie WhatsApp geplaas kan word.

2. *Ons aanvaar dat die skool (in hul Beheerliggaam en hul personeel se uitsluitlike diskresie) redelike voorsiening sal tref vir die veiligheid en welstand van die leerder tydens sy/haar/hul bywoning van die naskoolsentrum, maar dat die skool, sy personeel en Beheerliggaam geen verantwoordelikheid aanvaar en/of sal opdoen vir enige skade (hetsy direk/indirek of gevolglike skade) wat die leerder sou opdoen voor, tydens of na die bywoning van die naskoolsentrum en of enige aktiwiteite van die naskoolsentrum nie.*

    2.1 Ek/Ons aanvaar verantwoordelikheid vir enige mediese- of hospitaaluitgawes in geval van besering aan die leerder.

    2.2 Ek/Ons vrywaar die skool, sy personeel, Beheerliggaam en gevolmagtigdes van enige aanspreeklikheid (van watter aard ookal).

3. *Ek/Ons dra my/ons magtiging as ouer(s)/voog(de) oor aan die Uitvoerende Hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese/chirurgiese behandeling vir die leerder nodig mag wees.*

    3.1 Sover ek weet, is die leerder fisies in staat om aan enige aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy/hulle in goeie gesondheid.

    *3.2 Ek/Ons sal die skool (en die naskoolpersoneel) **voortydig skriftelik inlig indien daar enige spesiale reëlings getref moet word ten aansien van die leerder en/of die leerder se spesiale behoeftes en / of die leerder se deelname aan aktiwiteite.***

4. ***Afhaal van leerder(s) geskied geheel en al op eie risiko.***

    *4.1 Indien ek/ons nie ons eie kind by die naskoolsentrum kan afhaal nie, sal ek/ons **skriftelik** aan die naskoolhoof bevestig wie my/ons kind (met sy/haar/hul) kontakbesonderhede sal haal.*

5. *Ek/Ons verklaar verder dat:*

    5.1 Ek/ons hierdie inskrywingsvorm volledig voltooi het en dat die besonderhede hierin vervat, waar, juis en korrek is.

    5.2 Ek/Ons die naskoolsentrum in kennis sal stel indien ons kontakbesonderhede verander.

    5.3 Ek/Ons bewus is van die skoolreëls, waarvan ek/ons 'n kopie het en dat die skoolreëls by die naskoolsentrum ook geld.

6. *Ek/Ons onderneem dat die ooreengekome naskoolfooie betaalbaar vir die leerder kontant of per EFT sal geskied op die betrokke dag en dan waar 'n kwitansie wel uitgereik sal word ter bevestiging daarvan.*

7. *Nieteenstaande die feit dat die skool verlang dat albei ouers/voogde (indien van toepassing) die dokument onderteken, sal die ondertekening deur my genoegsaam wees om my te bind tot die voorwaardes hierin vervat. Indien ons albei teken, sal ons gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir die verpligtinge hierin vervat.*

8. *Enige wysigings hiertoe moet in skrif wees om regsgeldig te wees.*

Geteken te POTCHEFSTROOM op hierdie _____ dag van _____ 20_____.

_____ _____

Ouer/Voog1 Handtekening Ouer/Voog 2 Handtekening